



TOULEIER

'n Kameel is darem baie anders as 'n perd . . .



Kamermaatjie lê al lankal agter my (fisies ook) om die kamele hier in Doha te gaan bestyg. Maar sy wat Annabelle is, weet mos ek het laas daar in Lesotho 'n verdrag met alle pakkdiere gesluit om hulle nie met hulle my gewig te pynig nie. Dis nadat ek mos eendag daar in die berge ook wou probeer perdry en met so 'n spoed opgeklim het dat ek net so vinnig weer anderkant af is.

Die omstanders wou nie ophou lag nie. Stadig opgestaan en die stof afgeskud. Eindelik opgesukkel. Sukkel daai perd só met my gewig dat ek hom later baie jammer begin kry het.

Ek het hom daar en dan belowe dat as hy my net weer terug by die begin kon kry, ek nooit weer een van sy maatjies só sal straf nie. Vandaar die versigtigheid van Annabelle rondom die hele kameelry storie. So stil-stil reël sy toe die ding. Laas Vrydag is ons toe saam met die Van Wyks hier af langs die Katar-kus tot in Mesaid, waar hulle van hierdie skepe van die woestyn vir die toeriste reg hou. Met die aankom daar hoor ons dit kos 20 real (R50) vir 'n rit. Hulle vertel jou nie dis net honderd meter nie.



Toe hulle vra hoeveel van ons wil ry, kyk ek en Christo anderpad. Klim Kamermaatjie en Erna toe maar elk op 'n kameel. Daar sal ons agterkom die op en die afklim is eintlik die moeilikste deel.

Die kamele hier rond het net een homp. Nou prakseer hulle so 'n kontrepsie wat jou so half op die stêre van die kameel laat sit. Dan is daar weer so 'n vierkantige houtraamstuurwiel gedoente aan die voorkant van die homp waaraan jy moet klou vir die bo bly.

So met die opstaan op daai lang bene van hom, word daar eers met die agterstewe gelig, wat jou dan voor oor die kameel wil gooi. Dan, nes jy weer dink jy het jou balans, kom hy orent met die voorste gedeelte, wat jou weer agter wil laat afgly. Toe ek sien die dier lê darem vir 'n mens om op te klim, en dat die kanse vir nog 'n Fosbury-flop darem nie te groot is nie, begin ek met myself praat.

Toe die twee anties weer op hul kamele terugkeer, het ek al genoeg moed bymekaar geskraap. Ek stap ewe doodluiters nader en word reguit na die grootste kameel geneem.

Annabelle kon haar oë nie glo toe ek opklim nie. Met 'n uitermate ekstra gepoep en geknor en 'n Coke-wind, steier die dier na bo terwyl ek vir die dood klou. Ag, maar toe ek eers bo is, toe maak ta of ek glad nie eers bestaan nie.

Met die omdraai waag ek dit selfs om albei hande te laat los om bietjie bloed terug in die kneukels te laat. Selfs vir die mense daar ver onder op die grond gewaai. Windgat verby. Heen en weer wieg hy weer met die gaan lê, en ek klou weer stewig vas.

Veilig terug op Moeder Aarde, spring ek ligvoets af. Net daar en dan het ek my verdrag met pakkdiere effe aangepas. Kamele word uitgesluit. Julle Iywige Duskantlanders kan maar kom kuier en kameel ry. Hulle is nie sissies soos party perde wat ek ken nie.

NASKRIF: Die sneppie is van Kamermaatjie, want sy lyk sommer baie beter op 'n kameel as ek.

Hennie Greeff

Doha, Katar



ROELFIE SLAAT RAAK

Vir die nuwe lesers:
Roelfie is al jare lank
Kammanuus se resident
galbraker wat gereeld
slae uitdeel as hy dink
iemand verdien dit.

❖ ANC se Dilemma

MADAME Helen Zille - en Roelfie moet erken dat hy haar laaik - het dit toe so bietjie hotagter gekry omdat sy na Foolius Dilemma verwys het as 'n *inkenkwe*, oftewel onbesnedene, wat glo 'n belediging in sommige kulture is.

Roelfie weet nie of sy dit letterlik of figuurlik bedoel het nie, maar geen belediging kan erg genoeg wees vir hierdie onsmaklike imbesiel en leier van die ANC se sandputkinders nie. Wat Roelfie wel weet, is dat hierdie produk van die regering se mislukte onderwysbeleid sy gat gaan sien as hy hierdie antie aanvat.

Intussen berig Roelfie se spioene dat Foolius geen gebrek ly nie - dit het glo vier sterk manne gevat om hom agter op 'n bakkie te kry sodat hy sy gehoor kon toespreek.

Nou loop die storie oor Foolius wat 'n boek vir die biblioteek teruggeneem het. "Dis 'n simpel boek," kla hy. "Die hele boek is net vol karakters, en daar is geen storielyn nie!"

"Dankie," sê die bibliotekaresse, "dat u ons telefoongids heel teruggebring het."

► **Nie vergesog as jy Foolius ken nie.**

❖ Goeie raad

ROELFIE se ou vriend Skelm Boeksak is ook weer in die nuus nadat hy uitgereken het dat hy meer by Cope as by die ANC kan *score*.

Roelfie het goeie raad, en soos gewoonlik is dit gratis, vry en verniet:

As hy ooit premier van die Wes-Kaap word, moet hy en sy vrou net Vrydae sakgeld kry. Moenie hulle naby 'n kluis, 'n tjekboek of kredietkaarte toelaat nie, en hou hulle baie ver weg van skenkersfondse.

► **As hulle maar net meemale vir Roelfie wil luister . . .**

❖ Kroeks sorg vir mekaar

EN nou is Jakob Stortkop se pel, die aarts-karminkel Skarnier Skurk, sommer weens mediese redes op parool vrygelaat. Dis nou nadat hy die afgelope twee jaar sy vonnis van 15 jaar in vyfster tronk-hospitale deurgebring het.

Die wet sê net terminaal siek pasiënte kan parool kry, maar Roelfie dink nie sy familie gaan nou om sy bed bly waak totdat hy met waardigheid sterf nie.

► **Die kans is baie beter dat hy oor 'n paar maande as Stortkop se minister van tronksake of siektes aangestel word. Of dalk nog as Klewwer Trewwer Handrat se opvolger as minister van geld. Kroeks sorg vir mekaar.**

❖ Syfers vir die slaap

STATISTIEK Suid-Afrika - nou al berug vir die skade wat hy doen deur verkeerde syfers die wêreld in te stuur - doen dit toe weer.

Te midde van 'n wêreldwye ekonomiese afswaai, dalende produksie in die myne, stygende tekorte, verswakkende handelsbalanse, swak werkersopleiding en werkers wat oral afgedank word en maar ander heenkomes moet vind het Duskantland se werkloosheidsfers aansienlik gedaal!

► **Ja nee, verkiesingstyd is mos weer net om die draai**

❖ Op 'n ligter noot

GAAN koop Roelfie nou die dag 'n nuwe karbattery ná die soveelste gesukkel.

Bruin man agter die toonbank praat net Ingels. Maar hy is vriendelik en verstaan Roelfie se taal heel goed, wil hom net nie praat nie.

En agter hom, teen die muur, is daar ook 'n Afrikaanse plakkaat, met die woorde: **"Bietjie later betaal se gat!"**

Laat dink Roelfie toe aan die een wat hy jarre gelede in 'n groentewinkel gesien het: **"Ons het 'n reëling met die bank: Die bank verkoop nie groente nie, en ons aanvaar nie tjeks nie."**

► **Interessant hoe 'n mens die skerp kant van 'n boodskap kan glad maak. Roelfie werk nou aan een wat die niebetalers op 'n mooi manier kan aanspoor om hul ledegeldjie vir Kammanuus te betaal . . . al is dit 'n bietjie laat en met 'n tjek.**

Allegaartjie

Aangrypende Arabiese gedig

Ons deel graag hierdie e-pos grappie met julle:

و ةي عامتج نوناق ةلود اي نا؟؟ س! تح?? صأ ماع لدعطا روتسدل؟؟ س
 ةيطارق م يد
 و نر و يرخف ه?? صنم كللما . يناملر?? يكللم م?? ن تحت
 مكاحل ه ءارزولا سي?? دحاو
 دحاو نيسلجم ىلا مسقم ين ا?? س! ناملر?? ل. دال?? لل يل ع فل ا
 ءاضعأ ددعو اي ع آلل
 .???? ان تا?? اختنال ا ج?? اتن ددع و?? اونلل دحاو و ني ع ل?? ي
 تا?? اختنال ا ج?? اتن
 ،تاونس لك امن ي?? ،تاونس?? ع?? ل لا تح?? صأ نم ةر?? ا?? م ري خأ ل ا
 ن ي ع ي امن ي??
 و ءارزولا سي?? ر . ايضاً?? ع?? ل ا سلجم نم وضت ا?? اختنع
 و ةي عام م تي ءارزولا
 ن اي ع آلل م نه ي ع ت

Pragtig! Ek het amper gehuil toe ek hierdie stukkie lees:

ج?? اتن ىلع اعتمداً ناملر?? ل ل?? ق

Nog inskrywings in 'n SA algemene hospitaal se register

1. Ontslaan-status: Lewendig, maar sonder my permissie.
2. Die 69-jarige man lyk afgeleef, verstandelik wakker maar vergeetagtig.
3. Die pasiënt het wafels vir ontbyt gehad en anoreksia vir middagete.
4. Sy is lam van haar tone af ondertoe.
5. Die vel was droog en klam.
6. Sy het soms konstante ongereelde hoofpyne.
7. Sy sê sy was haar lewe lank hardlywig, totdat sy van haar man geskei is.
8. Vel: Ietwat bleek, maar teenwoordig.
9. Pasiënt het twee tienerkinders, maar geen ander abnormaliteite nie.
10. Die ondersoek van die pelvis sal later op die vloer gedoen word.



8 mm film na DVD - Bewaar jou kleinode nou!

Wanneer laas kon jy na daai troufilm, of doopfilm, of die film waarop jy jou eerste bok geskiet het kyk? Ons kan enige 8 mm film vir jou professioneel op DVD oordra!
 Ons dra ook VHS oor na DVD.

Rig navrae aan vryskut@spektrum.co.za

OP KOMMANDO

STORIES UIT DIE ABO



Deur Lappe Laubscher

Koos de la Rey was eintlik 'n man vir vrede

Generaal Koos de la Rey, die man wat Bok van Blerk met sy liedjie op die voorblaai van koerante laat beland het, was een van Suid-Afrika se beste krygsmanne nog.

En tog was hy nie 'n man wat oorlog gesoek het nie. Voor die begin van die Anglo-Boereoorlog het hy gepleit dat daar weer gedink moes word voordat die stryd met Engeland aangeknoop word.

Sir Percy Fitzpatrick, die man wat groot roem as sy skrywer verwerf het met sy storie oor sy hond Jock, vertel in sy outobiografie dat De la Rey gedurende die laaste vergadering van die Transvaalse volksraad voor die begin van die oorlog vir vrede gepleit het. Met dié pleidooi het hy behoorlike swaarde gekruis met die strydlustige president Paul Kruger.

Gedurende die Anglo-Boereoorlog het hy groot roem verwerf as 'n aanvoerder tydens veral stellinggevegte. Sy strategiese gebruik van loopgrawe was so uitmuntend dat sommige historici hom later as die vader van die gedagte wou uitbeeld. Dit was darem nie so waar nie, want die gebruik van loopgrawe was reeds deel van die Krim-oorlog tussen Rusland en Turkye (1853-56).

Anders as wat 'n mens miskien verwag by 'n vreeslose krygsman, was daar aan generaal De la Rey ook 'n diep menslike sy. Toe die Britse aanvoerder Lord Methuen in die laaste groot veldslag van die oorlog by Tweebosch deur De la Rey se magte ernstig verwond is, het hy sy persoonlike perdekar tot die beskikking van die Britse magte gestel om die Engelse edelman na die naaste hospitaal te neem.

Nonnie het een van haar kosbare hoenders geslag en vir Methuen as padkos saamgegee toe hy na Krugersdorp se hospitaal vervoer is.

De la Rey se manskappe was kwaad dat die vyand se bevelvoerder sulke behandeling kry en het hul generaal verplig om die ambulanswa te laat omdraai. Terug by Tweebosch het Koos en Nonnie saam aan die Boerekrygers verduidelik dat dit die Christelike ding sou wees om te doen, en dié keer het die manne dit aanvaar en Methuen is vort.

Koos en Nonnie het 'n telegram aan Methuen se vrou laat stuur om te sê hy is gewond, maar sou gou gesond word.

Van sy eie mense het hom oor die daad verkwalik. Wanneer dit kom in wat hy geglo het reg was, het De la Rey hom egter nie aan kritiek gesteur nie. Daar word ook vertel dat Nonnie ook sou gevra het dat die Engelse tog moet onthou om die karretjie af te was voordat die bloed droog word!


Ná die uitbreek van die Eerste Wêreldoorlog in 1914 het Suid-Afrika aangebied om Suidwes-Afrika (die huidige Namibië), wat toe nog 'n Duitse kolonie was, namens Brittanje te beset. Hierdie aanbod van generaal Louis Botha het tog groot ongelukkigheid gelei.

Botha was 'n groot vriend van De la Rey en sy ou kameraad uit die Anglo-Boereoorlog.

De la Rey, toe 'n senator, het weer soos destyds in die parlement gepleit dat Suid-Afrika nie by die oorlog betrokke moes raak nie. Weer het sy pleidooi op dowe ore geval.

Enkele dae later is hy in 'n ongelukkige voorval by 'n padblokkade deur 'n polisieman doodgeskiet.

Naskrif: Nonnie de la Rey (neé Greeff) het in 19 jaar aan 12 kinders geboorte gegee. Twee is as babas dood, en een seun op die slagveld.





Dié week se giggels

GOEIE REDE

Die blondine word as onderwyseres aangesel. Sy sien daar is een seuntjie wat eenkant en alleen staan terwyl al die ander speel en rondhardloop, en voel jammer vir hom.

"Jy kan gerus ook saam met die ander kinders speel, weet jy?" moedig sy hom aan.

"Nee," sê hy. "Dis beter dat ek hier bly staan."

"Hoekom?" vra sy.

"Want ek is die blerrie doelwagter."

WETTIGE WRAAK

Onderwyl die vrou in haar handsak na haar beursie vroetel, let die kassier op dat die TV se afstandbeheer ook in die handsak is.

"Dra jy dit altyd saam met jou?" vra hy.

"Nee," sê sy. "My man wou nie saam met my winkels toe gaan nie, en dis die aakligste ding wat ek wettiglik aan hom kan doen."

SUKSESVOLLE PA

Die juffrou praat met die klas oor watse soort werk hul ouers doen.

Juffrou: "Jannie, watse werk doen jou pa?"

Jannie: "Hy is 'n kulkunstenaar, juffrou."

Juffrou: "Regtig? En wat is sy beste truuk?"

Jannie: "Sy beste truuk is om mense in twee te saag."

Juffrou: "Wonderlik! Sê my is daar nog ander kinders in jou gesin"

Jannie: "Ja, juffrou, ek het 'n halfbroer en twee halfsusters."

KENNIS EN WYSHEID

Kennis is om te weet 'n tamatie is 'n vrug. Wysheid is om dit nie in 'n vrugteslaai te gebruik nie.

GOEIE RAAD

V: Wat gee jy vir 'n vrou wat alles het?

A: 'n Man wat haar wys hoe dit werk.



BLAPSE in kerkblaadjies

- Moenie dat bekommernis jou doodmaak nie. Laat die kerk help.
- Die koste vir bywoning van die gebed-en-vas-konferensie sluit die koste van die etes in.
- Me. Charlene Mason van die Metodiste-gemeente het vir ons "I will not pass this way Again" gesing, wat ons almal groot vreugde verskaf het.

NOU TOE NOU!

Gehoor van die pasgetroude paartjie wat gaan skei?

Dit het begin toe die man die aand by die huis kom en vra:

"Liefie, wat is daar vir aandete?"

Die vrou tjie antwoord toe:

"Seks."

En die man sê: "Dê, dis wat ek vir middagete gehad het!"

BC deur Johnny Hart



BYNAME is deel van die VOLKSAARD

Deur Corinus du Toit

Byname is so eg Afrikaans soos biltong, boerbeskuit, melktert, koesisters, appelkooskonfyt en politieke onverdraagsaamheid.

Soms is dit kwetsend en spruit voort uit die bynaamgewer se eie swak selfbeeld waar hy ander probeer seermaak om daardeur sy eie gevoel van minderwaardigheid te probeer verbloem.

Dit kom veral onder kinders voor, maar genadiglik word hierdie tipe bynaam met die jare ontgroeï. Witrot, weens blonde hare, kan op skool nog gaan, maar as iemand op 80 so 'n bynaam het, gaan daar beslis baie skeef opgekyk word.

As van hierdie byname maar net nie wil wyk nie, versag dit egter wel soms met die jare saam. So word Boesman Smit en Mensvreter Oosthuizen daar uit Nietverdiend se wêreld mettertyd Boesie en Mensie.

Deur die jare het die mooi byname as't ware aan sekere families en individue vasgegroeï, dikwels weens 'n familie-eienskap of beroep. Dit pas hulle soms beter as daardie wat via die doopvont gekom het. Waar anders kan Tjoppies Muller of Sakkie Meelwors werk as in 'n slaghuis, of watter ander beroep as apteker kan Kobus Pille volg?

Minder mooi, maar net so beskrywend, was Oom Willem Jêrn - nagwadrywer toe daar nog vroeër jare nie spoeltoilette was nie. Die rioolwa was landwyd bekend as die jêrnlorrie.

Omie Papbek was 'n welbekende figuur in Koppies weens sy gebrek aan 'n gebit. Tot die kinders het hom so aangespreek.

Byname is as't ware so met die gesin af aangegee en het veral hul oorsprong op skool.

Toe Koei se boetie ook in die koshuis kom bly, word hy Kalfie. Piet Muis se sussie word weer Mienie Muis. En as die koshuisvader die bynaam Gogga het, word sy kinders almal Goggies.

Onderwysers is ongelukkig dikwels die teiken vir byname, sonder dat hulle daarvan weet. Besembek vir 'n onderwyser met 'n snor is nogal beskrywend, maar as dieselfde bynaam 'n onderwyseres toeval, moet iemand haar miskien aanraai om bietjie haarverwyderaar te gebruik.

Poep'nknor kan net verwys na 'n baie kwaai onderwyser wat die lat maklik inspan. Skellie verwerf sy naam nadat sy klas die voorgeskrewe boek, Skeleton Coast, moes deurworstel.

Soms het 'n bynaam sommer net ontstaan. Almal in die dorp het geweet na wie jy verwys as jy van Tannie Skottelgoedwater praat, maar niemand kon later meer die oorsprong daarvan verduidelik nie. (Kammanuus: Dalk omdat haar koffie so flou was?)

Dikwels word dit gekoppel aan 'n plek, soos Jan Sterkfontein of oom Sarel Klippan. Ander kere weer aan 'n gebeurtenis. As 'n knaap in st 3 die sin "Hoe meer haas, hoe minder ..." met "wortels" voltooi, word hy Haas Wortels tot minstens in matriek.

Of as 'n graad eentjie reken dat sy pa se motor sewe silinders het, word hy net daar Sewes.

(Volgende keer vertel Corinus meer oor byname. Kammalanders is welkom om by te dra: Skryf aan pos@onsdorp.com en merk dit BYNAME.)



OEFENING VIR DIE OOR VEERTIGS

Oefening word belangriker hoe ouer ons word, sodat ons harte en spiere gesond kan bly. **BELANGRIK:** Raadpleeg altyd jou dokter voordat jy met 'n streng oefenprogram begin.

Vir 'n program wat spesiaal vir Kammalanders ontwerp is, gaan na die onderkant van bladsy 13 in hierdie Kammanuus > > >



MAKERIEPAS

Oumanne in die army: INKLOKTYD

Deur Wessel Ebersohn

Toe Maansie bakarm en kromlyf met die drie nommers te klein ouwerol, wat so by sy sitgedeelte insny, met sulke kort skoptrappies by die saal uitstap, het ek gewee hierdie army-spelery gaan dalk net sports word!

Doer in die middel tagtigs het die regering vir die een of ander rede besluit om alle manspersone bo 45 vir militêre dienspelig op te roep. Oral in die land is twee week kampe georganiseer, ook in Upington ,waar ek destyds gewerk het. Die Kalaharimense vat g'n bog van g'n mens nie, en aanvanklik was niemand lus vir die spulletjie nie:

"Dis sommer net tydmors, sê ek jou!"

"Wat gaan van my plaas (besigheid, werk) word as ek vir twee weke moet gaan rondlê?"

"Daar's nie 'n manier dat ek my deur 'n klomp snotkop army-latte gaan laat rondonner nie!"

Maar daar was geen uitkomkans nie en almal wat opgeroep was, moes hulle maar net gaan aanmeld.

Nadat die dokters en ander mediese mense almal bevoel, beluister en bekyk het om vas te stel of hulle binnegoed darem nog in min of meer werkende toestand is, het ons by ons woonkwartiere gaan intrek. Die opleiding sou op die Upington se skouterrein plaasvind en ons blyplek was die hoofsaal - 'n tamaaie staalstruktuur wat in afskortings verdeel was vir die uitstallers.

Almal het 'n groot staaltrommel gekry waarin al sy besittings gebêre moes word, en dié is by die onderend van die bed staangemaak.

Daar is geen manier om 'n staaltrommel op 'n harde sementvloer, in 'n weergalemende staalgebou saggies oop en toe te maak nie. Daardie eerste aand al was dit duidelik dat hierdie trommels 'n groot rol gaan speel in hoeveel, of liewer hoe min, slaap 'n man gaan kry.

Die boere, wat gewoon was om vroeg te gaan slaap, was telkens gewek deur die lawaai van die manne wat eers tot laat gekuier het en deur die aand met ligte-uit tyd raas-raas kooi toe gekom het. Hulle weer, die laat-gaan-slapers, is douvoordag wreed uit hulle drome wakker geruk deur die rumoer van die vroeg-opstaan boere.

Ons arme gewone drommels wat gewoon was om op 'n ordentlike tyd te gaan slaap en op te staan, was in die middel vasgeknel en het die slegste daarvan afgekem.

Sarel de Beer, wat destyds die SAUK se verteenwoordiger op Upington was, het sommer daardie eerste aand al begin met die opneem van 'n kostelike versameling naggeluide wat later oor die radio uitgesaai is.

Sowat van snork! Van sulke sagte pfoei-prrt geluidjies tot donderende dreunings wat deur die saal weergalm het. En dan daardie ander klanke wat jy gewoonlik kry waar mans bymekaar is, klanke wat beide die hoor- en reukorgane ernstig bedreig het!

Die volgende dag is almal in pelotonne ingedeel, maar dis 'n storie vir volgende keer!

Storie van die sammajoor

Ek kan nie veel onthou van waar, wanneer en presies wie nie, maar die sammajoor darem . . .

Volgens legende het 'n sekere sammajoor eendag ná afloop van die parade die volgende instruksie gegee:

"Righto, die helfte van julle gaan saam die Korporaal. Die ander helfte gaan saam met die Sersant. Die res VOLG MY!"

Glo dit of nie, daar was troepe wat agter die sammajoor aangepiekel het!

(Ingestuur deur Benny Schoeman.)



AFRIKAANS is mos my taal

Met die maan gepla

As iemand vir ons nie reg wys lyk nie, sal ons maklik skerts dat hy met die maan gepla is. 'n Klompie geslagte gelede was dit egter niks om grappies oor te maak nie, want sekere mense het werklik gedink dat die maan 'n mens van jou verstand kon beroof.

As jy jou snags te veel aan maanlig blootgestel het—só het hulle geglo—was jy 'n goeie kandidaat vir die sielsiekegestig.

Maar sedertdien het mense selfs op die maan geland en nie een van hulle het selfs 'n bietjie "snaaks" geraak weens hul fisieke wandeling op die aarde se natuurlike satelliet nie. Wys jou net . . .

Boontjie kry sy loontjie

Die storie loop dat Boontjie, Strooitjie en Kooltjie Vuur met 'n bootjie oor die rivier is. Strooitjie het verbrand toe Kooltjie Vuur aan hom raak, Kooltjie Vuur het verdrink en Boontjie het op sy naat oopgeskeur toe hy oor sy maats se ellende lag.

Knap uitdrukkings:

Goed gepoeier (hy is regtig dronk).

Die man het 'n lang oog (hy kyk graag na ander vroue).

Hy dra wit sokkies (hy is 'n effens glibberige kalant).

Is daar Kammalanders wat sulke ou uitdrukkings uit hul kinderdae onthou? Of raak sêgoed uit jou eie kontrei?

Skryf vir ons by pos@onsdorp.com en merk dit RAAKVAT.




So 'n bietjie PITKOS

As jy deur weerlig geslaan word, word jou vel tot 28000 °C verhit. Dit is warmer as die oppervlakte van die son.

Die gemiddelde afstand tussen die sterre in die hemel is 20 miljoen myl. Dit sal 'n moderne ruimtetuig 70 000 jaar neem om die naaste ster te bereik.

'n Asteroïed het elke enkele dinosourous in die wêreld uitgewis, maar geen enkele spesie padda of akkedis is geraak nie. Niemand weet ook hoekom krokodille en skilpaaie oorleef het nie.

As jy 'n gat na die middel van die aarde grawe en 'n baksteen daarin afgooi, sal dit 45 minute neem voordat hy die gat se boom tref.



Albert Einstein het nooit sokkies gedra nie.

Die Hawaïse alfabet het net 12 letters.

Eskimo's het honderde woorde vir sneeu, maar nie een vir hallo nie.

Die kolibrie (humming bird) is die enigste voël wat ook agteruit kan vlieg.

In die Sahara-woestyn is daar 'n dorpie met die naam Tidikelt, waar daar in tien jaar geen druppel reën geval het nie.

Tegnies is die droogste plek op aarde naby Ross-eiland in Antarktika, waar dit glo in twee miljoen jaar nie gereën het nie. (Wonder wie rekord gehou het?)

Die diepste gat ooit is in Texas gemaak. Twintig Empire State-geboue kan daarin pas, maar dit is net 8 sentimeter wyd.



Outydse rate

Mevr. DJH se Geneeskundige Raadgevingen (1913)

(Ingestuur deur Gerrit Theron van Hartenbos)

Verdrinken

Neem de drenkeling. Leg hem op zijn buik neer. Gaat over hem zitten, neem hem onder de armen, druk met uwe knieën tegen uwe handen. Laat Los en herhaal als was het voor een halfuur. Door hem zo te drukken en te lossen brengt men de asemhaling te weeg. Draag de drenkeling met het aangezicht naar onderen gekeerd en het hoofd opgelicht, behandel zacht, ontkleed hem, wrijf droog. Wikkel in warme dekens. Zie ademenhalen teweeg te brengen door de armen lansaam boven het hoofd te brengen en ze Dan snellik neder te laten en aan de kanten van de borst vast te drukken. Geef brandewijn.



STAMBOOM

Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* www.onsdorp.com/stamboom Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

Bezuidenhout

honey@mweb.co.za

Magrietha Alleeta Elizabeth Gebore 1935. Bezuidenhout was haar nooiensvan en sy het op 19-jarige ouderdom in Johannesburg gebly. Dit is in verband met Nicolas Bezuidenhout.

Horn/Bresler/Burger

davidkjamieson@yahoo.co.uk

Ek vors die bogenoemde families na.

Louw

monicastevens@vodamail.co.za

My oupa was Floris Louw van Calvinia. My pa wa Johannes Carel Louw.

Rood/Roodt/Roode

henry@nwbc.co.za

My naam is Pieter Hendrik my pa en oupa was ook Pieter Hendrik. My groot oupa was Josua Francois.

My pa het 4 broers en 6 susies gehad. Indien daar enigeen is wat weet wie Josua of my oupa se broers en susies was, laat weet my. Ek weet daar was Curry, Jansen Van Vuuren en Van Helsdinge in die aangetroude familie.

Van Biljon

riaanvb@hotmail.com

Ek wil graag mee uitvind oor ons stamboom in Suid-Afrika, veral voorvaders van Nederland, wanneer hulle in die Kaap gekom het ens.

VROUE OOR

40

Andy Rooney van 60 Minutes:

Soos ek ouer word, kry ek al hoe meer wardering vir vroue oor 40. 'n Vrou oor 40 sal jou nooit in die middel van die nag wakker maak en vra wat jy dink nie - sy gee eenvoudig net nie om wát jy dink nie.

As 'n vrou oor 40 nie die wedstryd op TV wil kyk nie, sit sy nie daarvoor en kla nie - sy doen iets waarvoor sy lus het, en dis gewoonlik interessanter.

Vroue oor 40 is waardig. Hulle sal selde in die opera of in 'n deftige restaurant in 'n bekgeveg met jou betrokke raak. Maar as hulle dink jy verdien dit, sal hulle jou skiet - as hulle dink hulle kan daarmee wegkom.

Vroue oor 40 raak psigies en alleswetend - jy hoef nooit oor jou sondes by haar te bieë nie.

Ouer vroue is eerlik en opreg: Hulle sal in jou gesig vir jou sê as hulle dink jy is 'n swaap. Jy weet altyd waar jy met hulle aan of af is.



BRIEWEBUS

Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan pos@onsdorp.com en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

Voel nou skamer vir paspoort

LAURETTE, Pretoria:

Ek woon in Pretoria, en soos jy weet werk my eggenoot vir die Blou lig brigade en kom in aanraking met baie politieke leiers van alle lande. So met die is hy al baie werk aangebied in die buiteland, maar hy byt vas en glo dinge gaan beter word, ek beny hom sy optimisme en as gevolg van die voorbeeld wat hy stel sien ek dit in my meisiekinders hulle is 'n toonbeeld van hoe die land kan wees deur saam te werk en almal se verskille en ook ooreenkomste te respekteer.

Ons het hoop, maar aai die politieke skandale laat my soms wonder wat die buiteland van ons moet dink. Ek het in die buiteland gewoon vir twee jaar in die "ou Suid Afrika" en glo my as jy jou paspoort wys of se waar jy vandaan kom wel julle weet mos. Nou voel ek egter skamer om my paspoort te wys as gevolg van die politieke skandale in my land ek het nie 'n verduideliking nie. So tans bly ek maar.

Maar in alles het ons Suid Afrikaners altyd die vermoë om te lag, en lekker kan ons lag al is dit in ons mou. So biltong sal ons eet en braai sal ons braai en maak nie saak waar ons is nie dit maak ons een nasie. Ek dink Oom Paul sal net sy kop skud en daardie ernstige kyk op sy gesig sit.

Ek spoor almal aan om te stem, want soos my dogter se as jy nie jou stem gebruik nie kan jy nie 'n verskil maak nie. En ons soek ons kinders en vriende terug waar hulle hoort in ons land.

Op 'n ander noot, ek het nie vergeet van die betaling vir Kammanuus nie en sal so gou as moontlik dit doen.

Dankie vir puik Kammanuus!

PHILIP KRUGER:

Net om dankie te sê vir die interessante en leesbare Nuusbrief. Baie gelag vir die gevatte sêgoed en lagwekkende staaltjies.

As pensioenaris (geb.1946) trek ons maar noustrop hier in Duskantland. Die resessie het ons ook nou ingehaal, al probeer die regering alles om dit te stop. Maar ons weet waar ons hulp vandaan kom en bid elke dag vir daaglikse behoeftes. Ek werk nog vir myself en moet maar wag op kliënte se oproepe. Sterkte met die voorbereiding van die Nuusbrief! Ek was eers 'n onderwyser en weet van laat nagte se nasienwerk en voorbereiding!

Nog 'n dankie!

PIETER EN MARIE OOSTHUIZEN, Pretoria:

Baie dankie vir die Kammanuus wat ons so gereeld ontvang, Ek geniet dit baie en kan nie wag vir die volgende uitgawe om deur te kom nie! Omdat ek 'n pensioenaris is en ongelukkig weens gesondheidsredes nie meer so baie aktief betrokke by buite aangeleenthede kan wees nie geniet ek dit nog meer. Ek is nou reeds 75 jaar jonk! Ek was egter gelukkig in die opsig dat ek by IT betrokke geraak in 1964 (toe nog bekend as Dataverwerking). Ek het in 1996 afgetree en sover dit moontlik was so effe probeer bybly met sekere aspekte maar uitgevind dat dit egter nie moontlik is om met al nuwe ontwikkelinge tred te hou nie. Baie dae verlang ek nog terug na die goeie ou dae van DOS, MVS en ASSEMBLER toe jy nog baie meer beheer oor jou eie doen late gehad het. Ek merk op dat jy spesifiek na pensioenarrise verwys, ek sou graag wou weet hoeveel van ons pensioenarrise is daar wat wel weet van Kammanuus, ek het al die familie en vriende wat deesdae Anderkantlanders is van ONSDORP laat weet!

Ek wens jou alles van die beste toe en hoop en vertrou dat dit nooit nodig sal wees om die deure van ONSDORP te sluit nie. So terloops hoe laat 'n mens jou in kennis stel dat jy wel 'n pensioenaris is?

(Ons vertrou mos ons mense! - Hennie.)

Oor lopers en koejawels

RUDIE THIRION, Somaliland:

Dagsê Onsdorpenaars. Dit is my eerste bydrae in reaksie op die eerste Kammanuus wat ek per e-pos ontvang het. Ek reageer graag op twee skryfsels.

Onder "Outydse Rate" lees ek die volgende: "Stockholm teer zo groot als een looper (wat sou dit wees?) inneem."

Gedagtig aan die tyd waaruit die raat dateer, vermoed ek dat die "loper" verwys na 'n ronde loodkoeël vir 'n voorlaaier. Jy het die gewone koeël (wat nie 'n looper genoem word nie) gekry, waarvan een op 'n slag gelaai is en van verskillende groottes was. En dan was daar die lopers, wat soos vandag se haelkorrels van 'n haelgeweer se patroon 'n hele paar in 'n sakkie toegewerk en in die loop gelaai is.

Hoe groot die lopers was, kan ek nie so uit die vuis uit sê nie. My skietboeke is almal by die huis en ek ly ook al aan Alzheimers "light".

Coenie de Villiers sing "koejawels ruik na Sondag" of so iets. Vir my ruik koejawels na Kakamas, want dit was waar Pa se suster tannie Nelie en haar man, oom Carel gebly het. En waar ons altyd van die plaas in die suide van die ou Suidwes af gaan kuier het. En koejawels geëet het.

Groot was my verbasing toe ons verlede jaar een dag na werk by die huis instap en ek ruik Kakamas, ek bedoel koejawels. En my Deense en Skotse kollegas weet nie wat dit is nie.

Soos Hennie in sy kommentaar op Thea van Rensburg se brief sê, kom dit in al die warm lande voor. Waarvan Somaliland sekerlik een is. En Denemarke en Skotland nie. Ons kookvrou het deur die loop van die somer gereeld vir ons koejawels gekoop en dit in 'n mandjie op die eetkamertafel saam met piesangs, appels en druiwe gesit. En dikwels ook in die daaglikse vrugteslaai ingesny.

Onlangs was ek vir 'n week in Sheikh, so amper reg oos van Hargeisa. Om die groterige dorp te bereik, slinger jy oor die laaste ongeveer 8 km ver en 500 m hoog teen 'n bergpas op. En daarbo is dit nie regtig warm nie. Om die waarheid te sê, saans en soggens as die dorp jou in sy koue, nat miskomers toevou, is dit nogal heel koud vroeg in Februarie.

En daar langs die straat by die ingang na die dorp verkoop 'n klompie seuns bakkies groen koejawels vir 'n paar Somalilandse Shillings. Was dit nou lekker om in die vreemde dorp die bekende Kakamas-lekker koejawels te eet!

Ietsies om oor te PEINS

Ingestuur deur Juleen du Toit

- ◆ Ek het gewoonlik graag natuurlike kosse geëet, tot ek agtergekom het dat die meeste mense aan natuurlike oorsake sterf.
- ◆ Daar is twee soorte voetgangers: die vinniges en die dooies.
- ◆ Gesondheid is grotendeels die stadigste tempo waarteen 'n persoon kan sterf.
- ◆ Die verskil tussen 'n groef en die graf is net die diepte
- ◆ In die sestigerjare het mense doepas gedrink om die wêreld vreemd te laat vertoon. Nou is die wêreld vreemd en mense drink Prozac om dit normaal te maak.
- ◆ Hoekom is dit so dat een onnadenkende agtelosige vuurhoutjie 'n hele woud aan die brand kan steek, maar dat jy 'n hele boksie vuurhoutjies nodig het om 'n kampvuur mee te begin?
- ◆ Wie was die eerste mens wat na 'n koei gekyk het en gesê het: "Ek dink ek moet die hangende goetetjies trek, en dit wat daar uitkom drink!"
- ◆ Kry ongeletterde mense die volle voordele as hulle Alfabet-sop eet?

AGTEROS

Harley-ryers is g'n banggatte nie

Deur **ANDRÉ DIPPENAAR**

"Jaag ons loshanne deurie hoenerhok.
Verdwyn ons pad af inne
wolk van vere en omgewe met eiergeel."

So gesels ek en oompie Doors oor daai tyd innie vroeg 60's toe my oorle pa vir hom 'n nuwe mouter geloop staan en koop het. Zephyr Four. Groen en wit. Uitie boks uit.

Onthou oompie Doors, "Jou Oukêrel het mos eintlik die plaaswerf kom staan en in skou mettie mouter. Loop stannie mense eintlik gewyd-stil ommie kar. Amper soosie Boerevolk destyds toe oorle oom Paul Kruger in staatsie loop staan en lê het. Besef ek mos opslag lat 'n mooi ryding, nes 'n goeie begrafnis, 'n man se aansien ten goede met status kan loop staan en besmet. Besluit ek met opset om vir my ook 'n ryding aan te skaf. Ene wat mensie hoef te staan en self trap of met diere te loop staan en slepie."

So, vertel Oompie, gaan hy op 'n slag dorp toe om so 'n ryding te loop staan en soek. Gesels byrie garage met die manne. Die Spanner broers was hulle genoem. Drie van hulle. Bobbejaan, Shifting en Ring. So wysie manne vir hom 'n Harley Davidson wat hulle loop staan en rywaardig maak het.

1939 masjien. Oorskiet uitie Groot Oorlog uit. Donkergroen masjien. Mette 'n syspan. Koop Oompie homself opslag insolvent aanie ryding. Laaste bietjie spaargeld moer toe. Kry die ou darem nog so 'n leerkepsie van 'n Spitfire vlieënier en 'n half gelling petrol oppie koop toe. O ja, en brille ommie tôrre, muggies en brommers uitie oë te hou.


Wysie manne vir Oompie hoe die ding aan't lewe kom en hoelat mens die klats ennie gheers werk. Issie spasio innie dorp te nou virrie ou om te oefen. Besluitie ou ommie ding plaas toe te stoot en daar annie gang te loop kry.

"Ou Swaer", vertel Oompie, "so kos dit vir my stoot aan daai kontrepsie. Dagen-'n-halwe stootreis ver plaas toe. Moet ek innie saaidkar loop staan en wegkruip toe die honne my oppie werf loop staan en oorval. Skrou oorle oupa Hennerik, 'Antichris, klim uitie boks uit, my hanne word lam vannie honne vashou' Loer ek oorle saaidkar se rant. Sê oorle Oupa, 'Jirretjie Doors, wat vanne ding het nou vir jou hier oppie werf kom staan en aansleep?'"

Bekeer Oompie vir oorle Oupa tot kalmte. Vertel vir hom die ding vretie voerie, jy hoef hommie koud te lei nie, hy vangie skaap nie, hy's vinniger asse eselwa en amper so betroubaar soosie Groot Boek. Oortuig vir oorle Oupa om te help ommie ryding te loop staan en inbreek.

Maak hulle vir oorle Oupa ok 'n kepsie. Vanne ou piepot. Sittie oor aanie agterkant. Gate mette sesduim spyker innie pot se rand gekap. Maak hulle die beskerming onner Oupa se ken met baaltou vas. Span hulle 'n stuk plêstiek met onnerbroekrek oorle ou se oë ommie tôrre te keer.

Drie groot bekere blits later sittie ou innie saaidkar. Vra oomblik van gebed om genade af te smee. Was mos 'n kerkmens. Vra die ou mooi lat die Liewe Vader die plaaswerf mette leërskare engele sal omsingel.



Vertel oompie Doors, "Ou Swaer, so loop gee ek die ding daai halwe gelling petrol in en trap hom mettie tweede probeerslag in lewe in. Los ekkie klats en vloog ek en oorle Oupa daar weg. Loop staan en jaag ons sewe keer ommie voerstoor. Skrou oorle Oupa soosie trompette ennie ramshorings vannie Israeliëte daai slag toe hulle so om Jerigo gejaag het. Hou die mure vannie voerstoor, maar gee die poorte vannie hoenerhok mee. Jaag ons loshanne

deurie hoenerhok. Verdwyn ons pad af inne wolk van vere en omgewe met eiergeel.”

Weet Oompie te vertel lat toe hulle die plaashek nader, loop staan en vergeet hy skoon vannie lesse wattie Spanner broers hom gegee het. Raak hy skoon deurmekaar mettie vetgee ennie stop. Jaag deurie konsertinahek. Slepie hek agter hulle aan. Dorp se kant toe!

Reken Oompie lat toe hulle dorp loop staan en injaag, kan hy g'n stuk niks voor hom sien nie. Issie bril toegekoek met eiergeel en t'orre derms. Staan oorle Oupa daai tyd skiertsregop innie saaidkar. Loshanne. Pot oorle ou se oë gesak. Bek oop soos kraai innie somer oppe telefounpaal innie Knersvlakte. Kannie ou nie 'n geluid uitkry nie. Staanie ou se kieste eintlik bol van allie muggies, brommers en t'orre wattie ou langsie pad loop staan en inkry het.

“Ou Swaer, daai tyd laat ek my lei deur die geskree vannie mense en die karre se hoeters wat blaas. Hou ek mooi Kerkstraat af., Bestyg ons die sypaadjie net voorlat ons loop dorp uit gaan. Loop hol 'n lamppaal mooi tussen my mouterbaaik ennie saaidkar deur. Bly oorle Oupa ennie saaidkar alleen agter. Half opgehang aanie pastorie se heining. Is ek dorp uit. Van Rhynsdorp se kant toe”

“Dood kry ek die ding nie. Leeg ok nie. Vat daai halwe gelling petrol my amper tot in Van Rhynsdorp. Dis lat toe ek Van Rhynsdorp se mense hoor raas, lattie laaste drie eetlepels petrol deurie ding se keelgat loop staan en deurloop. Loop staan en rukkie ding homself dood. Kop tussennie voorbene loop staan en steek hy vas. Loop staan en val ek amper 'n voetbolveld se afstand verder voor hom innie pad.”



Oompie vertel lat toe hy sy oë loop staan en oop sukkel en die laaste leksel eiergeel en t'orderm met sy mou loop staan en wegvee, sal hy sien lat op net drie na, allie inwoners van Van Rhynsdorp rondom hom loop staan en bymekaar kom het. Enigste drie wattie daar wassie, was 'n antie wat besig was om te kraam ennie vroedvrou enne ou oom wat innie lykshuis innie yskas gelê het.

Hettie burgemeester vir hom 'n geleentheid mettie poslorrie terug huis toe gereël. Die Harley hettie ou sommer daar innie pad aan 'n mekêniek staan en verkoop. Vir twee pond. Mettie helm ennie bril oppie koop toe.

Die saaidkar het Ou Doom persent gekry. As voertrog vir sy p'ere gebruik.



“En”, so vertel Oompie, “die eerste keer wat oorle oupa Hennerik weer saam met my op 'n ryding geklim het, was toe ons hom jare daarna sipresse toe gevat het.

“Toe sit ek voor innie lykswa byrie onnerner en Oupa lê agter in, hout-overall aan. Sonner hoofdeksel en brille, want teen daai spoed en op daai pad was daarie muggies en t'orre nie.”

OEFENING VIR DIE OOR VEERTIGS

Mooi! Jy het fluks tot hier gevorder. Dis genoeg oefening vir die eerste dag, ons wil nie dinge oordoen nie!

Sit terug en geniet 'n glas wyn, of 'n koppie tee.

Nog net 13 slabies voor jou volgende Kammanuus - op 23 Maart. Byt vas!